**WERKKAART 3**

**MODULE 2**

**Lees die oorsig op bladsy 25 aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae.**

1. Herskryf die volgende paragraaf deur die korrekte vorm van die skuinsgedrukte woorde te gee.

> Module 2 gaan jou op vele a) *reis* deur die verskillende b) *provinsie* neem. Mnr. Sol Kerzner is gewoond aan baie c) *onderhoud* deur d) *verslaggewer*.
>
> Selfs die kleinste e) *foto* sal hom nie ontstel om 'n (klein) f) *lesing* te lewer oor die ontstaan van Sun City nie. Al het jy twee g) *kamera* of 'n (klein) h) *kamera*, hy is altyd reg vir al die i) *nuuskierig* se j) *foto*.
>
> Jy gaan al jou k) *vaardigheid* moet toepas om verskillende l) *stereotipe* te herken.

2. Blaai na bladsy 27 en lees "Dag 3" se inskrywing.
   a) Skryf 'n voorbeeld neer van 'n woord waar die konsonant verdubbel na 'n kort beklemtoonde vokaal.
   b) In sin 2 kom 'n woord voor waar 'n lang vokaal dubbel geskryf word in 'n geslote lettergreep. Skryf hierdie woord neer.
   c) Vul die ontbrekende woorde in: Die woord "pl**a**n**e**te" in sin 3 is 'n voorbeeld waar 'n lang vokaal . . . geskryf word in 'n . . . lettergreep.

3. Watter van die volgende skuinsgedrukte woorde is in die oortreffende trap geskryf?

   " . . . die *tuiste* van die *grootste* teleskoop in die Suidelike Halfrond."

4. Kies die korrekte antwoord.

   Die woord "SALT" is 'n voorbeeld van 'n . . . a) afkorting
   b) verkorting
   c) akroniem

5. Waarvoor staan "SALT"?

6. Blaai na die dagboekinskrywing op bladsy 30.
   a) Vorm 'n saamgestelde sin van die eerste vier sinne by Maandag 9 Julie 2013 se inskrywing.
   b) Watter tipe sin is: "Ek kan nie meer wag nie!"

c) By Dinsdag se inskrywing kom die woord "skaars" voor. Wat is die verskil tussen "skaarste" en "skaarsste"? Maak twee sinne om die verskil in betekenis te wys.


7. Die versamelnaam vir 'n klomp sebras bymekaar is 'n *trop* sebras. Voltooi die volgende blokkiesraaisel deur die korrekte versamelname in te vul.

**Dwars**

2 'n . . . skepe
5 'n . . . beskuit
6 'n . . . krale
7 'n . . . slange
9 'n . . . katjies
13 'n . . . oorlogskepe
14 'n versameling . . .
15 'n . . . eiers

**Af**

1 'n . . . bome
3 'n paneel . . .
4 'n hoop . . .
5 'n . . . wasgoed
8 'n . . . skote
10 'n bende . . .
11 'n . . . aartappels
12 'n span . . .




8. Blaai na die gedig "Die sterre" op bladsy 45.
   a) Skryf die onderwerp, gesegde en voorwerp neer wat in versreël 1 voorkom.
   b) In strofe 2 kom 'n byvoeglike bepaling voor. Skryf hierdie bepaling neer.

9. Kies elke keer die regte woord in die volgende sinne.
   a) Almal het gedink dit begin (reën/reen) toe die sprinkelsproeiers aangaan.
   b) Sol Kerzner het nie baie van die kos (geëet/geeet) nie omdat hy op 'n (dieet/ dieët) is.
   c) Sol Kerzner se jongste seun is nog in die (Laerskool/Laërskool/Laêrskool).
   d) Daar is so baie (diete/diëte/diête) op die mark waaruit gaste by *Lost City* kan kies.
   e) Selfs die (militêre/militere/militëre) afdeling wou deel van Klein Aap se oorwinning wees.

f) Klein Aap het (êrens/erens/ërens) 'n advertensie van *Die Wieg van die Mensdom* gesien.

h) Dit is 'n oulike (vers/vërs/vêrs) wat Hennie Aucamp geskryf het.

i) Mev. Ples (se/së/sê): “Elke siel in Sun City moet help.”

j) Me. Kerzner hou baie van (përs/pers/pêrs) in haar sitkamer.

k) Die joernalis het besluit om 'n oulike (kombers/kombêrs/kombërs) by *Die Wieg van die Mensdom* te koop.

10. In die volgende sinne is nege woorde verkeerd gespel. Skryf die woorde se korrekte spelling neer.

| |
|---|
| Sun City is 'n populere vakansiebestemming.<br>Almal het my vriendelik bejêen toe hulle hoor ek gaan in *The Palace* oorslaap.<br>Die posseel op die bedankingsbrief is uniek; dit lyk soos haêl wat op die horison aankom.<br>Al die kërels hou baie van die meisies wat SALT besoek. Hulle staan sôggens vroeg op om deur die teleskoop te gaan loer. Selfs 'n vlërmuis het hom tuisgemaak in SALT se hoeke.<br>Mamma moes vinnig al die skëre bêre toe Jakoos sy denim korter wou maak.<br>Die mense het gelë soos hulle lag nadat Jakoos hulle met sy stuitighede vermaak het. |

11. Op bladsy 29 leer *In 'n neutedop* jou om die koppelteken en afkappingsteken korrek te gebruik. In die volgende dagboekinskrywing het die drukkerduiwel ingesluip en baie woorde is verkeerd gespel. Kyk hoeveel kan jy opspoor en verbeter.

**DAG 1**

Vandag gaan ons vir Ouma hulle op die plaas haal. Hulle gaan saam met ons wildtuin toe. Op die plaas het ons die dag vir dag roetine beplan. Ouma sorg vir al die lekker eetgoed en pak natuurlik ook haar radiotjie in (oumense kan nie sonder hul storie’s nie). Oupa gaan nêrens sonder sy verkyker en kamera’s nie. Hy kan die mooiste fotos neem.

**DAG 2**

Die wildtuin is asemrowend mooi. Ons sien 'n klipspringer bo op die koppie. Pa is byderhand om die mooiste videos te neem. By die kamp koop ma vir my 'n T hemp met die wildtuin se embleem op. Vanaand stuur ek e pos vir al die Maraiss by die huis om vir hulle van al ons wedervaringe te vertel.

**DAG 3**

Mpumalanga met sy prag natuurskoon is vandag op die doenlys. Met die stap na die waterval kom ons op 'n kiwieier af. Natuurlik blaas die ma om ons te verjaag. Ek begin wonder of die Onder Kaap se natuur mooier is? Ongelukkig kom ons op 'n trefentrapongeluk af. Die man is beseer en sal beslis vir xstrale moet gaan. Dit is so warm, ons soek elke moontlike skadutjie op.

**DAG 4**

By die Sudwalagrotte kruip ons plek plek op ons knieë. Buite by die kar gee my pa 'n fooitjie aan die man wat ons kar oppas. Kan jy glo . . . die rugby se A spanne van die onderskeie provinsies stop op

die BBP plek! Ek hardloop om gou handtekeninge te versamel. My ma kry natuurlik amper 'n senuineenstorting ten aanskoue van die spierpaleise!

**DAG 5**

Die vakansie is amper verby en ons pak die pad huis toe aan. Ons stop vir middagete by die Terblanchee, waar die rodeos ’n middagvertoning lewer. Sjoe, party van daardie manne kan klou! Met die stop voor die groot plaasopstal, weet ek dit was 'n vakansie om te onthou.

## Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak

**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) henk.viljoen@nb.co.za.